# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

FEBRUARIE / MAART

2007

## AFRIKAANS PRIMÊRE/EERSTE TAAL

Derde Vraestel

Kreatiewe Skryfwerk en Literatuurstudie

HG

101-1/3

AFRIKAANS EERSTE/PRIMERE TAAL HG: Vraestel 3

101 1 3 HG

17 bladsye

KOPIEREG VOORBEHOU
GOEDGEKEUR DEUR UMALUSI

GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS

SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

**AFRIKAANS PRIMÊRE TAAL HG**
**(Derde Vraestel: Kreatiewe Skryfwerk en Letterkunde)**

**TYD: 2½ uur**

**PUNTE: 120**

**INSTRUKSIES:**

- Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings.
- Beantwoord: EEN vraag uit Afdeling A
  DRIE vrae uit Afdeling B
  EEN vraag uit Afdeling C

## AFDELING A
## KREATIEWE SKRYFWERK

**INSTRUKSIES:**

- Beantwoord slegs EEN vraag van 40 punte.
- Skryf die nommer van die vraag wat jy kies, neer.
- Hou by die vereiste lengte.
- Besin en beplan deeglik en benut die volle tydsduur van die vraestel.
- Die lengte van die skryfstuk moet ongeveer **450 – 550** woorde wees.

Jy het gedurende die afgelope paar jaar in Afrikaans-onderrig met skryfwerk oor 'n wye terrein kennis gemaak. Skryfwerk impliseer nie net skriftelike kommunikasie en die hantering van verskillende skryfstukke nie, maar ook taalvaardigheid en taalgebruik.

Hou die volgende belangrike skryfbeginsels in gedagte:

- Die DOEL wat jy met die skryfstuk wil bereik
- Die TEIKENGROEP op wie die skryfstuk betrekking het
- Die VORM wat die skryfstuk behoort aan te neem
- Die TAAL en STYL wat by die skryfstuk pas

## VRAAG 1

1.1 Albert Einstein het gesê verbeelding is beter as kennis, want kennis is beperk. **Bespiegel** hieroor. (40)

**OF**




(Uit: *Beeld*, 25 Februarie 2005)

1.2 Die moderne mensdom is verslaaf aan wat die nuutste tegnologie bied. Stem jy saam met hierdie stelling? Lug jou mening hieroor in 'n **beredenerende skryfstuk**. (40)


**OF**

1.3 Die wêreld het onlangs regop gesit oor die verhaal van 'n Amerikaanse brandweerman wat onverwags wakker geword het nadat hy tien jaar lank in 'n "stom slaap" was weens breinskade. In sy eerste gesprek van veertien uur met sy vrou was hy stomverbaas oor alles wat in tien jaar gebeur het. Dit laat mens wonder wat so 'n Suid-Afrikaanse Rip van Winkel sou aantref as hy van 1996 af geslaap het.

**Beskryf** 'n aantal dinge wat jy dink 'n Suid-Afrikaner sal aantref as hy vanaf 1996 geslaap het en weer in 2006 ontwaak. (40)

**OF**

1.4




(Uit: *Beeld*, 2 Maart 2005)

Skryf jou **memoires** oor jou hoërskoolloopbaan. (40)

1.5 Lize Beekman, bekende Suid-Afrikaanse sangeres, sê in 'n onderhoud met die tydskrif *SARIE* in Desember 2004. "Ek wil tyd afstaan aan dinge wat saak maak".

Jy het besluit om dit ook te doen. **Vertel** daarvan. (40)

**OF**

1.6 Die onderstaande kinderverhaaltjie is daarop gerig om kinders 'n lewensles te leer. Lees dit en skryf dan jou eie verhaal waaruit kinders / jongmense 'n lewensles kan leer.

**DIE TOWERJAS**

Lank, lank gelede, in 'n land, het 'n man gewoon. Hy het 'n jas gehad. Die jas was oud en stukkend en die winterwind het deur die skeure gewaai.

In die winter dink die man: "Ek moet 'n nuwe jas kry. Ek kry alte koud".

Maar in die somer vergeet hy van die jas.

Dan hang die jas in die kas en die man loop heeldag buite in die sonskyn rond.

Maar dié winter is baie koud.

"Ek sal dit nie kan uithou nie," dink die man. "Ek moet 'n jas kry."

Hy trek die ou jas uit. Hy gooi hom sommer *pardoems*! op die ashoop. Hy gaan soek 'n nuwe jas.

"Gee dadelik vir my jou jas!" beveel hy die reus.

"Aag, loop slaap," lag die reus. "Hoekom sal ek vir jou my jas gee? Hy is buitendien te groot vir jou."

"Gee dadelik vir my jou jas!" skree die man vir die dwerg.

"Moenie vir jou snaaks hou nie," raas die dwerg. "My jas is te klein vir jou en hoekom moet ek hom sommer vir jou gee?"

Die man loop van die boer na die wamaker. Hy wil almal se jasse hê. Hy vra nie eens mooi nie, hy wil sommer net die jasse hê.

Maar niemand wil vir hom 'n jas gee nie. Hy loop terug huis toe. Toe hy verby die ashoop gaan, hoor hy 'n stem:

"En toe, het jy al 'n jas gekry? Wil jy dalk 'n nuwe jas hê? Hier is ek. Ek is 'n splinternuwe jas. Net vir jou."

En rêrig, daar op die ashoop oor 'n stok hang 'n splinternuwe, warm jas. Die man gryp die jas en trek hom een, twee, drie aan.

Maar o wee, toe hy afkyk, is dit die ou, stukkende jas wat hy daar weggegooi het. Toe sien die man dat hy verkeerd was. 'n Mens kan nie sommer ander mense se goed vir jou vat nie. Dis beter om te werk en jou eie goed te koop.

"Ek sal maar huis toe gaan en my ou jas heelmaak," sug die man.

Kop onderstebo sit hy by die tafel en begin om die nate in die jas toe te werk. En toe – skielik! – is dit 'n splinternuwe jas wat oor sy knieë lê! 'n Towerjas!

Van toe af het die man nie weer rondgeloop en ander mense beveel om hul goed vir hom te gee nie.

O nee, hy het liewer sy goed vir ander mense uitgedeel.

**(Uit: *Sarie*, Julie 2003)**

**OF**

1.7 Skryf die nommer van die illustrasie wat jy kies bo-aan die skryfstuk en voorsien die skryfstuk van 'n opskrif. Jou skryfstuk kan van enige aard, styl of trant wees. Dit kan bv. verhalend, nugter-beredenerend, bespiegelend of beskrywend wees. (40)


1.7.1



(Uit: *Tydskrif-Rapport* 17 Mei 2003)

**OF**


1.7.2




(Uit: *Insig*, Maart 2005)

**OF**

1.7.3




(Uit: *Kwinksinnig*, Grobler en De Vos)

**TOTAAL VIR AFDELING A: [40]**

## AFDELING B
## FUNKSIONELE SKRYFWERK

**INSTRUKSIES:**

- Beantwoord TWEE opdragte van 20 punte elk en EEN opdrag van 10 punte.
- Beantwoord TWEE opdragte uit Vraag 2 en EEN opdrag uit Vraag 3.

Hou by elke opdrag die volgende belangrike skryfbeginsels in gedagte:

- Die DOEL wat jy met die skryfstuk wil bereik
- Die TEIKENGROEP op wie die skryfstuk betrekking het
- Die VORM wat die skryfstuk behoort aan te neem
- Die TAAL en STYL wat by die skryfstuk pas

### VRAAG 2

Kies TWEE opdragte van 20 punte elk uit Vraag 2.
Die lengte van elke skryfstuk moet **180** – **200** woorde wees.

2.1 Lees die brief "**Rugby se 'dienaars' is morsjorse**" wat in *Beeld* van 27 Mei 2005 verskyn het. Reageer hierop in 'n **brief aan die pers** en lug jou mening. (20)

**Rugby se 'dienaars' is morsjorse**

Die afgelope week se rumoer oor rugby het net een ding weer baie duidelik onderstreep. Dit het 'n afgod geword.

Ongelukkig het die dienaars van die afgod ook die slegte gewoonte om die wêreld rondom die "plekke van aanbidding", soos Loftus, so te bemors dat ek my skaam.

Daar is baie gesê oor die geraas tydens sokkerwedstryde op Loftus. Het julle al die verskil in gemors gesien ná 'n rugbywedstryd en 'n sokkerwedstryd?

Dit is skandalig hoe rugbytoeskouers die plek so kan bemors dat dit werkers twee, drie dae neem om skoon te maak, maar daar word skaars rommel gestrooi buite die stadion ná 'n sokkerwedstryd.

**Irma, Meyerspark**

**(Uit: *Beeld*, 27 Mei 2005)**

**OF**

2.2 Lees die onderstaande strokiesprent en skryf 'n interessante **artikel** vir plasing in 'n jeugtydskrif met die opskrif: **Meisies is verbaal beter as seuns**. (20)




(Uit: *Beeld*, 27 Mei 2005)

**OF**

2.3 Dink terug aan die jaar wat op sy rug lê. Vergeet van die teleurstellings en mislukkings. Wat was jou persoonlike hoogtepunte? Daardie goed-voel-oomblikke wat jou laat glimlag het ... toweroomblikke.

Skryf oor so 'n toweroomblik in **jou dagboek**. (20)

**OF**

2.4 Skryf 'n **koerantberig** met die opskrif: **Koelkop in 'n gyseldrama**. (20)

**OF**

2.5 Lees die onderstaande berig wat onder die opskrif **Goudstad se honde en katte in die bek geruk** in 'n dagblad verskyn het. Die publiek is versoek om kommentaar te lewer oor die voorgestelde wetgewing. Rig jou kommentaar in **briefvorm** aan die woordvoerder van die stadsraad, mnr. Nthatise Modingoane. (20)

**Goudstad se honde en katte in die bek geruk**

Dit sal voortaan nie meer net verkeersoortreders wees wat die metropolisie van Johannesburg in die tronk gaan stop nie. As die jongste voorstelle aanvaar word om die stad se katte- en hondebevolking in bedwang te bring, sal dié geregsdienaars ook met vangnette toegerus word.

Wetlike voorskrifte oor hoeveel honde en katte mense mag aanhou en wat eienaars verplig om hul troeteldiere te steriliseer, is nou ter insae vir die publiek vir kommentaar by sekere munisipale punte dwarsoor Johannesburg en ook op die raad se webtuiste. Dit bevat voorskriftelike beperkings op troeteldiergetalle, die registrasie daarvan, asook diere se gedrag in openbare plekke.

Dié aanbevelings het die raad opgestel met die samewerking van die Dierebeskermingsvereniging en die metropolisie. Dit volg op klagtes wat deur die jare deur die publiek ingedien is oor lastige diere.

Van die vernaamste voorstelle is:

- Eienaars mag nie meer as twee honde en drie katte in 'n erf aanhou nie.
- Gevaarlike en lawaaierige diere wat die vrede kan versteur, mag nie aangehou word nie.
- Honde en katte moet gesteriliseer word sodra hulle ses maande oud word.

Mense wat tans meer as twee honde of drie katte het, mag die oortollige diere voorlopig behou, maar mag hulle nie vervang nie.

Geregistreerde telers van troeteldiere word met sekere voorbehoude vrygestel van die regulasies.

Dit sal die taak van metropolisielede en ander munisipale amptenare wees om die regulasies toe te pas en af te dwing. Geldige bewyse van onder andere veeartse sal nodig wees om troeteldiereienaars van vervolging te vrywaar in gevalle waar die beperkings nie nagekom word nie.

Eienaars van honde en katte wat nie gesteriliseer is nie, kry 'n jaar grasie om dit te doen. Oortreders kan tronkstraf van ses maande of 'n stewig boete kry. Die metropolisie sal rondloperdiere of troeteldiere wie se eienaars nie aan die vereistes voldoen nie, moet vastrap.

Mnr. Nthatise Modingoane, woordvoerder van die stadsraad, sê die publiek kan tot einde vandeesmaand insette lewer oor die voorgestelde wetgewing. Nog inligting is beskikbaar op die raad se webtuiste by www.joburg.org.za.

**(Uit: *Rapport*, 20 Februarie 2005)**

**OF**

2.6 Jy is verslaggewer vir jou skoolkoerant. Skryf 'n **resensie** oor jou skool se snoepwinkel / kafeteria vir plasing in die skoolkoerant. (20)

**EN**

**VRAAG 3**

- Kies EEN opdrag van 10 punte uit Vraag 3.
- Die lengte van die skryfstuk moet **80 – 100** woorde wees.

3.1 Jou graad 12-groep hou na 10 jaar 'n reünie. Jy is verantwoordelik vir die reëlings. Skryf 'n **kennisgewing** vir plasing in 'n dagblad. Verskaf volledige inligting so bondig as moontlik. (10)

Kennisgewings

**■ Die Hoërskool Vaalpark is vanjaar 20 jaar oud, en groot feesvierings word vir die jaar beplan. Die hoogtepunt vind van 31 Augustus tot 3 September plaas. Alle oudleerlinge word genooi om deel te neem. Gedenkplaatjies sal teen R200 beskikbaar wees, en 'n gedenkblad word uitgegee. Vir info, gaan na www.vaalparkhigh.co.za, of bel Petrus Lombaard by ☎ 082 857 7912.**

**■ Die toptien-flieks vir die week is *Start wars: Episode III – Revenge of the Clones***

**(Uit: *Jip*, 7 Februarie 2005)**

**OF**

3.2 Die onderstaande briefie het in 'n weeklikse rubriek ***Kry antwoorde op jou kwelvrae*** van 'n tydskrif verskyn.

> **Modegiere en -geite**
>
> Ek vra net een vraag: is dit nodig om altyd in die mode te moet wees?
>
> Sussie op Upington.

Skryf jou **antwoord** aan Sussie op Upington. (10)

**OF**

3.3 Jy het 'n fiets / hond / selfoon / digitale kamera / enige artikel wat jy te koop wil aanbied. Adverteer dit in die geklassifiseerde advertensie-afdeling van jou plaaslike koerant.

Skryf die **advertensie**. (10)

**TOTAAL VIR AFDELING B: [50]**

## AFDELING C
### LITERATUURSTUDIE

- Hierdie Afdeling tel 30 punte.
- Jy moet EEN vraag uit hierdie Afdeling beantwoord.
- Die vrae handel onderskeidelik oor ***Boeket*** (Tony Links e.a.) en ***Verlore Paradyse*** ( N.J.Snyman).
- Beantwoord dus net EEN vraag oor die boek wat jy behandel het.

***BOEKET*** (Tony Links e.a.)

Beantwoord die kontekstuele vraag (Vraag 4) OF die paragraaftipe vraag (Vraag 5).

**OF**

***VERLORE PARADYSE*** (N.J. Snyman)

Beantwoord die kontekstuele vraag (Vraag 6) OF die paragraaftipe vraag (Vraag 7).

## VRAAG 4
## KONTEKSTUELE VRAAG: *BOEKET*

Lees die volgende uittreksels aandagtig deur en beantwoord die vrae wat daarna volg.

"Gij zijt bij de herbergier van Pidalgo, heer", zeide hij.

De vreemdeling knikte voldaan.

"Ik heb het u wel gezegd", sprak hij, zich tot zjin gevolg wendend, "deze herbergier vindt zjin weerga niet in het gehele Graafschap. Gij hebt mij niet teleurgesteld, mijn waarde. Ik wil ook u niet beschamen: over zeven dagen kom ik terug, om uw vermaardheid te toetsen. Gij behoeft niet veel te bieden. Ik ben een vijand van het vele, een vriend echter van het goede. Zorg slechts voor enige voortreffelijke carbonaden en enkele van uw vermaarde coteletten. Op tien gasten kunt gij rekenen. Tot weerziens."

De koets rolde heen. De volgende morgen zag men de waard niet buiten zitten. De luiken bleven gesloten, de deur was toe. Reeds waande men de herberg ontruimd, toen de zevende dag een blauw rookwolkje uit de schoorsteen kringelde. Enige uren later drong een heerlijke braadlucht door de reetjes der gesloten luiken naar buiten. De verbazing in Pidalgo was algemeen. Men klopte op de deur en tikte tegen de ruiten; doch antwoord kwam er niet.

Tegen de avond reed de koets voor. De hertog en negen edellieden uit zijn gevolg stegen vrolijk schertsend uit en liepen enige malen om het gesloten huis. Vol welbehagen snoven zij de fijne braadgeur die door naden en reten naar buiten drong.

"Komaan", sprak de hertog,na enige tijd gewacht te hebben of er iemand ter verwelkoming naar buiten trad, "wij zullen naar binnen gaan".

**Uit: *De herbergier van Pidalgo* (Godfried Bomans)**

**EN**

Terwijl ik, om het incident defnitief af te ronden, uit die raam begon te kijken, voelde ik dat zijn norse blik nog steeds op mij was gericht.

Nu kwam de kelner met zijn blad en de man nam een kop koffie. Daar mijn nek een beetje stijf begon te worden van het krampachtig uit het raam kijken, draaide ik mijn hoofd weer recht. Hij keek nie langer na mij maar na de koffie op het klaptafeltjie. Nadat hij er suiker ingedaan had, tilde hij het kopje op om het naar zijn lippen te brengen.

Nu zijn treinen volstrekt onberekenbaar.

Vaak liggen ze, lange tijd achtereen, zeer vast in de rails maar op een nooit vooruit te becijferen moment beginnen ze opeens een poosje te bibberen, te zwaaien en te schokken.

Hoe het komt weet ik niet.

Maar vast stond dat onze trein juist zo 'n aanval kreeg toen de man de volle kop bijna aan zijn mond had getild, sodat een aanzienlijke hoeveelheid van de koffie op zijn das en op zijn vest terecht kwam.

Weer lachte ik.

Zo weinig mogelijk.

Opnieuw bleef de man geruime tijd roerloos zitten met de bitter toegeknepen lippen en de blik vol verachting op mij gericht.

"Is dat ook zo leuk?"

"Het spijt me,"zei ik.

**Uit: *Een heer in de trein* (Simon Carmiggelt)**

4.1 Wat lei jy af van die herbergier se houding in r. 1? (1)

4.2 Waarvoor was die herbergier veral bekend? (1)

4.3 4.3.1 Wie is die vreemdeling na wie daar in r. 2 verwys word? (1)

4.3.2 Haal 'n frase uit r. 3 – 4 aan wat daarop dui dat die vreemdeling 'n persoon van aansien was. (1)

4.4 Verduidelik in jou eie woorde: "Deze herbergier vindt zijn weerga niet" (r. 4). (1)

4.5 In watter opsig het die herbergier nie die vreemdeling teleurgestel nie (r. 5)? (1)

4.6 Wat is die funksie van die dubbelpunt in r. 5? (1)

4.7 Wat beteken die woord **vermaarde** (r. 9)? (1)

4.8 Waarom word die herbergier vroeër in die verhaal as 'n **zonderlinge mens** beskryf? (1)

4.9 Vind jy dit vreemd dat die herbergier inwillig om tien gaste (r. 9) te onthaal? Motiveer jou antwoord. (2)

4.10 Twee verskillende woorde, maar met dieselfde betekenis, kom in r. 12 voor.

4.10.1 Skryf dié TWEE woorde neer. (2)

4.10.2 Wat word na jou mening deur hierdie herhaling beklemtoon? (1)

4.11 Wat was die rede vir die **verbazing** in Pidalgo (r. 15 – 16)? (2)

4.12 Waarom het die herbergier nie die hertog by die deur verwelkom nie (r. 22 – 23)? (1)

4.13 Wat het die herbergier aan sy gaste voorgesit wat hierdie **fijne braadgeur** (r. 20) afgegee het? (1)

4.14 Kan hierdie verhaal 'n ware verhaal wees? Motiveer jou standpunt. (2)

4.15 Na watter insident word daar in r. 24 verwys? (1)

4.16 Watter woord in r. 24 dui aan watter tipe verteller in dié verhaal voorkom? (1)

4.17 Watter woord in r. 39 kontrasteer met **nors** (r. 25)? (1)

4.18 4.18.1 By hoeveel geleenthede in die verhaal het die verteller in 'n lagbui uitgebars? (1)

4.18.2 Verduidelik die laaste insident waarvoor die verteller gelag het. (1)

4.19 Lees weer r. 25 en r. 42. In watter opsig het die man se blik verander? (2)

4.20 Op watter wyse word die sin in r. 40 uitgehef? (1)

4.21 Het die man rede om **bitter** (r. 41) te wees? Motiveer jou standpunt. (2)
**[30]**

**OF**

## VRAAG 5
## PARAGRAAFTIPE VRAAG: *BOEKET*

5.1 In die kortverhaal ***Handel*** deur Maarten 't Hart is die hoofkarakter, oom Adriaan, 'n geslepe sakeman wat soms gewetenloos optree. Bespreek hierdie stelling in 'n opstel van **300 – 400** woorde en skenk veral aandag aan die volgende aspekte:

- Sy transaksies met die ou egpaar; met Truus en met meneer Brands
- Die verteller se veranderende siening van oom Adriaan
- Jou eie mening van oom Adriaan: 'n goeie sakeman of 'n gewetenlose skurk? Motiveer jou standpunt. (20)

5.2 Die hoofkarakter in die kortverhaal ***De mier, de eerbied en de roem***, deur Anton Koolhaas, ondervind talle struikelblokke in die verwesenliking van sy ideale. Bespreek hierdie stelling in 'n opstel van **180 – 200** woorde en skenk aandag aan die volgende aspekte:

- Sy ideale
- Die probleme wat hy ervaar het
- Die insig waartoe hy kom oor ambisie en die najaag van roem
- Jou eie mening oor ambisie en die najaag van roem (10)

**[30]**

**OF**

## VRAAG 6
## KONTEKSTUELE VRAAG: *VERLORE PARADYSE*

Lees die volgende uittreksels aandagtig deur en beantwoord die daaropvolgende vrae.

"Moenie aanstoot vat nie, gehoor. Sy raak maar al hoe meer van 'n walskipper. Doen dít, doen dát. Sy bedoel dit nie." "Ek weet, Pa."

Hy gaan in die siekekamer in. Dis donker van die geel kantgordyn en die mis voor die son. Hy voel die hoendervel uitslaan. Vier maande terug, toe hy laas hier was, kon sy ma nog opsit en glimlag. Nou lê sy plat en strak soos 'n lyk in 'n kis. Hy het g'n diagnose van Dok Grypspiet se slim maat nodig om te weet dat sy nie weer gaan opstaan nie.

"Frannie?"

"Hallo,Ma."

"Kyk hoe lank het jy geword, net bene. Soentjie?"

Hy doen dit teësinnig. Haar lippe is droog. Sy ruik na ou sweet en balsemkopiva. Haar vingernaels steek in sy arm.

“Moenie vir jou pa sê nie,” fluister sy. “Dis ons geheimpie. Doen dit net.”

“Wat?” “Sjuut! Jy weet mos.”

Hy het nie die vaagste benul waaroor dit gaan nie. In die gang staan sy pa massief en geboë. Die kromsteelpyp het doodgegaan.

“Wat práát sy?” fluister Frannie.

Sy pa beduie met die oë kombuis toe. Hulle loop sit aan die bloekomhouttafel wat al so geskrop is dat die houtweefsel hier en daar soos wit perlemoenpote lyk. In 'n vlakbord lê pienk gif en 'n brommer dryf daarin.

“Wat moet ek Pa nie sê nie?”

“Kreef. Ag, sy vra almal wat hier kom, net nie vir my nie. Sy's lus vir kreef.”

“Nou?”

“Nou dink vir jouself.” Sy pa is meteens kwaad. “Dis nog vyf maande voor die seisoen oopmaak. En vanlat Bekkie Viljee bloubaadjie gekry het, is die hele Skulpbaai vrekbang vir smokkel. Die kreefspietkop boer hier. Jy kan maar sê dag vir dag kom sy bakkie hier oor die knop en dan kom drink hy kamma koffie.”

Die rooi hande gaan toe op die tafel. Een van daardie vuiste, weet Frannie, kan 'n kreefinspekteur se hele toekoms verongeluk. Toe hy in standerd ses was, het sy pa eenkeer 'n yslike visserman met die een hand opgetel en van die skuit af in die baai gegooi. Die manne praat nou nog daaroor.

“Kan ons nie êrens koop nie?”

“Skerpioen koop? 'n Skulpbaaier wat skerpioen koop? Is jy dan nou van jou kop af, Frannie? Koop 'n skaapboer tjops? Koop 'n miskruier mis?”

“Maar as dit nie anders kan nie –”

“Jou ma is nie *reg* nie. Magtag, moet ek dit nog vir jou sê? Môre-oormôre het sy dit weer vergeet. Los dit net.”

“Goed dan,” sê Frannie teësinnig.

**Uit: *Die Skerpioene* (Paul C. Venter)**

**EN**

“Asseblief, Ouboet. Jy maak my seer, Ouboet, jy maak my seer.”

Ek was van niks anders bewus as van die pyn nie. Dit was nie meer net sy hande wat my vashou nie – dit was meer as dit.

Maar hy, hygend, wou sy sin hê. “Vertel die storie! Van die kerk. Jy wil my net bangpraat. Dis al. Vertel die storie!”

“Goed, Ouboet. Ek sal vertel. Asseblief – ek sal vertel ...”

Toe los hy my die tweede keer en gaan sit en trek my langs hom op die bed neer en luister, bevange, terwyl ek vertel. “Elkeen het 'n masker gedra, Ouboet, so oor hulle oë, en ...”

“Jy't vergeet van al die meisies.”

“Die meisies was almal verlief op hom, Ouboet. Almal van hulle. En toe op 'n dag, Ouboet, toe nooi hulle vir Pa na 'n maskerbal toe ...” Ek het vertel van die maskerbal en van Ma en van die wit kerk en die blou wieg waarin hy aan die slaap gemaak is voordat Ma weggegaan het.

Toe ek klaar was, was Ouboet weer kalm en byna verskonend simpatiek. Hy het geglimlag en sagte keelgeluidjies gemaak en met sy groot vingers versigtig oor die rooi kneusplekke aan my keel en arms gestreel. Ek, nog steeds bang, het sku bly sit, hom laat begaan.

Oorwonne.

Toe ek seker was hy slaap, het ek venster toe gesluip en die raam oopgeskuif, weer geluister en toe trapplek gesoek en uitgeklim. Sy bed het gekraak toe ek grondvat buite. Ek het gehoor hoe hy iets mompel en toe verskrik orent spring en na my roep. Maar omdat ek geweet het hy is bang vir die donker, het ek omgedraai en weggesluip – verlig dat hy nie bereid sou wees om my te volg nie.

**Uit: *Slaaptydstorie* (Chris Barnard)**

6.1 Verduidelik wat 'n **walskipper** (r. 2) is. (1)

6.2 6.2.1 Word **hoendervel** (r. 4) letterlik of figuurlik gebruik? (1)

6.2.2 Motiveer jou standpunt. (1)

6.3 Haal 'n woord uit r. 4 aan wat kontrasteer met **donker**, (r. 3). (1)

6.4 Wat beteken dit as 'n mens **aanstoot vat** (r. 1)? (1)

6.5 Neem jy Frannie dit kwalik dat hy sy ma **teësinnig** soen (r. 12)? Motiveer jou standpunt. (2)

6.6 Waarom **fluister** Frannie se ma in r. 14? (1)

6.7 Waarom is Frannie se ma se lus vir kreef nie 'n **geheimpie** soos sy in r. 14 beweer nie? (1)

6.8 In watter opsig verskil Frannie se pa se houding in r. 1 – 2 van sy houding in r. 27? (2)

6.9 Haal 'n voorbeeld van streektaal aan soos dit in r. 28 – 31 gebruik word. (1)

6.10 Waarom is die woord ***reg*** in r. 41 kursief gedruk? (1)

6.11 Met behulp van watter tegniek hef Frannie se vader sy teenkanting teen die koop van kreef in r. 38 – 39 uit? (1)

6.12 Wat beteken dit as iemand **bloubaadjie gekry het** (r. 28 – 29)? (1)

6.13 In watter standerd is Frannie tans (r. 34)? (1)

6.14 Watter TWEE sake word in r. 20 – 21 met mekaar vergelyk? (2)

6.15 Waarom word **prááť** (r. 18) beklemtoon? (1)

6.16 Het Frannie sy belofte in r. 43 nagekom? Motiveer jou standpunt. (2)

6.17 Verduidelik wat die verteller bedoel met die sin in r. 46 **... dit was meer as dit**. (1)

6.18 Watter emosie word met behulp van die uitroeptekens in r. 47 en r. 48 uitgedruk? (1)

6.19 Wat is die funksie van die ellips in r. 52? (1)

6.20 Op watter wyse word die woord **Oorwonne** (r. 63 ) uitgehef? (1)

6.21 Watter karaktertrek van Ouboet kom in r. 47 na vore? (1)

6.22 Haal die reël aan wat aandui dat Ouboet die slaaptydstorie goed geken het. (1)

6.23 Waarom is die **Ma** (r. 58 ) nooit teenwoordig nie? (1)

6.24 Sou jy ook verlig gevoel het (r. 69 )? Motiveer jou standpunt. (2)
**[30]**

**OF**

**VRAAG 7**
**PARAGRAAFTIPE VRAAG: *VERLORE PARADYSE***

7.1 In die kortverhaal ***Terugkeer van 'n soldaat*** deur Dolf van Niekerk tree die moeder elke Woensdag eienaardig op. Bespreek die stelling in **200 – 250** woorde waarin jy veral aandag skenk aan die volgende aspekte:

- Haar roetine elke Woensdag
- Die redes waarom hierdie roetine eienaardig is
- In watter opsig die seun bydra tot hierdie eienaardigheid
- Dink jy dat die moeder omgegee het dat ander mense haar optrede as eienaardig ervaar? Motiveer jou standpunt. (15)

7.2 In die kortverhaal ***Die Invloed*** deur Pirow Bekker is Hilda in 'n vergeefse stryd om selfbehoud gewikkel. Bespreek hierdie stelling in **200 – 250** woorde waarin jy veral aandag skenk aan die volgende aspekte:

- Haar houding teenoor die see en die redes daarvoor
- Waarom sy steeds in die vissersdorpie bly
- Haar houding teenoor Wenning
- Haar sinnelose uitdaging (15)

**[30]**

**TOTAAL VIR AFDELING C: [30]**

**TOTAAL: 120**

**EINDE**